

1

**Toets 1**

- Punt: 50
- Tyd: 60 minute

**VRAAG 1**

Kies die definisie in kolom A wat die beste by die woord/uitdrukking in kolom B pas. Skryf net die letter van jou keuse langs die nommer neer.

[8 punte]

Hier is 'n voorbeeld van hoe jou antwoord moet lyk: 1.9 L

Kolom A		Kolom B	
1.1	Goedere met waarde wat vir ruiltransaksies gebruik is	A	Handelsgeld
		B	Uitreiker
1.2	Ruil een item vir 'n ander	C	Handel
		D	Ruilhandel
1.3	'n Party wat 'n promesse onderteken waarmee hy/sy belowe om 'n sekere bedrag te betaal	E	Ontvanger
		F	Selfonderhoudend
1.4	Die wettige betaalmiddel in Suid-Afrika	G	Suid-Afrikaanse rand

[4 × 2 = 8]

**VRAAG 2**

Kies die korrekte woord om elke sin te voltooi. Skryf die hele sin uit.

[8 punte]

- Die wetenskaplike studie van geld en die geskiedenis daarvan word (pneumatiek; numismatiek) genoem.
- Handelsondernemings kry 'n groot deel van hulle inkomste uit (dienste; verkope).
- 'n Voorbeeld van 'n fisiologiese behoefte is die behoefte aan (familie en vriende; slaap).
- (Kapitaalgoedere; halfafgewerkte goedere) is goedere wat gebruik word om ander goedere te vervaardig.

[4 × 2 = 8]

**VRAAG 3**

Lees die scenario hier onder en beantwoord dan die vrae wat volg.

[25 punte]

**HAPPY SE HAARSALON**

Happy Mashigo is 'n haarkapper. Sy het drie jaar gelede haar eie onderneming begin nadat sy haar studies voltooi het. Haar sakeonderneming is op die hoek van Van Riebeeckstraat en 7de Laan in die Broadwalk Mall.

Happy het haar onderneming uitgebrei deur nog 'n tak oop te maak. Sy moes 'n klompie toerusting op krediet koop,





byvoorbeeld groot haardroërs. Happy was so suksesvol dat sy besluit het om haar sukses met ander te deel deur werklose mense op te lei om hare te sny deur haarknippers te gebruik. In ruil vir hierdie mense se opleiding kry Happy 10% van die wins wat hulle vir die dag maak. Die mense wat sy opgelei het, sny meestal hare onder 'n groot sambreel op die sypaadjie langs 'n besige straat waar al die vrugte- en groenteverkopers hulle stalletjies het.

- 3.1 Verduidelik die volgende funksies van geld:
- 3.1.1 Geld as 'n ruilmiddel (2)
  - 3.1.2 Geld as 'n standaard vir uitgestelde betaling (2)
- 3.2 Verduidelik die verskil tussen verbruikersgoedere en kapitaalgoedere, en gee 'n voorbeeld van elk uit die scenario hier bo. (6)
- 3.3 Evalueer Happy se Haarsalon as 'n sakeonderneming en sê of dit 'n persoonlike diens of 'n kommersiële diens verskaf. Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)
- 3.4 Verduidelik die verskil tussen die formele en informele sektor deur voorbeelde te gebruik. (4)
- 3.5 Noem TWEE nadele van sakeondernemings in die formele sektor. (2)
- 3.6 Gesondheidsepidemies soos MIV/vigs sal 'n impak hê op formele en informele sakeondernemings.
- 3.6.1 Definieer die term "gesondheidsepidemie". (2)
  - 3.6.2 Noem TWEE maniere waarop epidemies 'n impak op sakeondernemings kan hê. (4) [25]
- VRAAG 4** [9 punte]
- 4.1 Bespreek kortliks die belangrikheid van herwinning. (2)
  - 4.2 Kategoriseer die volgende items as noodsaaklike behoeftes of luukse behoeftes: Gesondheidsdienste, behuising, rekenarspeletjies. (3)
  - 4.3 Verduidelik hoe verbruikers en produsente afhanklik is van mekaar. (2)
  - 4.4 Gee TWEE voorbeelde van sakeondernemings wat in die formele sektor gevind word. (2) [9]

**TOTALE PUNTE: 50**